Tuli
**Cattle Breeders' Society of SA**
**Beestelersgenootskap van S.A.**
------------------------------------------------------------------
P O Box / Posbus 506
Henry str 118
Bloemfontein, 9300

Tel: (051) 4100958
Fax: (051) 4484220
www.tulicattle.co.za

**Notule van die 26ste Algemene Jaarvergadering gehou via Zoom op 20 Augustus 2020 om 09:00**
***Minutes of the 26th Annual General Meeting held via Zoom on 20 August 2020 at 09:00***

---

**Teenwoordig/ *Present***
Ben Raath – President
Albie Rautenbach- Visepresident/ *Vice President*
Giel van Niekerk - Raadslid/ *Council Member*
Christo Rothman - Raadslid/ *Council Member*
Ed Clark - Raadslid/ *Council Member*
S Mains-Sheard - Raadslid/ *Council Member*
C van Rooyen – Tegniese Adviseur/ *Technical Advisor*
Carmen Welz – Erelid/ *Honorary Member*
Herman Labuschagne – SA Stamboek: Bestuurder Data Aantekeninge/ *SA Stud Book Manager Data Recording*
C Kempen – Stemma Bestuurder/ *Stemma Manager*
Dr Helena Theron – SA Stamboek/ *SA Stud Book*
Anna-Marie Viljoen – Sekretaresse/ *Secretary*
Cornelis Rautenbach - Lid/ *Member*
Werner Gouws - Lid/ *Member*
Casper Kriel - Lid/ *Member*
Lucas Robertson - Lid/ *Member*
Herlu Rautenbach - Lid/ *Member*
Madie Kriel – Gas/ *Guest*

**1. OPENING & VERWELKOMING/ *OPENING & WELCOME***

Mnr B Raath open die vergadering met skriflesing en lees Blaas op Sion deur Angus Buchan. Hy open met gebed. Hy verwelkom al die lede, met spesiale verwelkoming aan Tuli Ere Lid, me Carmen Welz, mnr H Labuschagne, SA Stamboek Hoof van Data Aantekeninge en mnr C Kempen, Stemma Bestuurder. Hy bedank die lede wat bereid is om deel te neem.

*Mr B Raath opened the meeting with Scripture reading and read "Blaas op Sion" by Angus Buchan. He opened with prayer. He welcomed all members, with a special welcome to Tuli Honorary member, Ms Carmen Welz, Mr H Labuschagne, SA Stud Book Manager Data Recording and Mr C Kempen, Stemma Manager.*

*He thanked the members that were willing to participate.*

**2. KENNISGEWING, BYWONINGSREGISTER EN VERSKONINGS VIR AFWESIGHEID/ *NOTICE OF MEETING, ATTENDANCE REGISTER AND APOLOGIES FOR ABSENCE***

Die kennisgewing van die vergadering is betyds uitgestuur en die vergadering word as behoorlik gekonstitueerd verklaar. 'n Kworum is teenwoordig..

*The notice of the meeting was sent timeously and the meeting thus declared as properly constituted. A quorum were present.*

**2.1 Verskonings/ *Apologies***

D Mullins
R Clark
C Raath
J Bredenkamp

**2.2 Lief en Leed / *Joy and Sorrow***

**Oorlede/ *Deceased***

Me M Groenewald se vader is oorlede. *Ms M Groenewald's father passed away.*

Vyf nuwe lede het aangesluit by die Genootskap. *Five new members joined the Society.*

**Siek/ *Illness***

Mnr W Gouws se vrou is nog nie gesond nie. *Mr W Gouws's wife had not fully recovered yet from her illness.*

'n Oomblik van stilte word gehou uit eerbetoon aan hom wat oorlede is. *A moment of silence was held to honour him who passed away.*

**3. GOEDKEURING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP 30 AUGUSTUS 2019 /*APPROVAL OF THE MINUTES OF THE PREVIOUS MEETING ON 30 AUGUST 2019***

**Korreksie/ *Correction***

Daar is geen korreksies nie. *There were no corrections.*

**Besluit:** Die notule word goedgekeur met geen korreksies soos voorgestel deur mnr E Clark en gesekondeer deur mnr G van Niekerk.
***Decision:*** *The minutes was approved with no corrections as proposed by Mr E Clark and seconded by Mr G van Niekerk.*

**4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE/ *MATTERS ARISING FROM MINUTES***

| | |
|---|---|
| **4.1 Speenkalf projek/ *Weaner calf project***<br>Mnr D Mullins het by die vorige Algemene Jaarvergadering hierdie voorstel gemaak. Mnr C van Rooyen is besig met die projek en het Covid-19 die projek teruggehou.<br>**Aksie:** Die projek sal nou voortgaan. | CvR |
| *Mr D Mullins proposed this project at the previous Annual General Meeting. Mr C van Rooyen is busy with the project which was postponed due to Covid-19.*<br>***Action:*** *The project will now continue.* | *CvR* |
| **4.2 Toekennings/ *Awards (*Aangeheg Appendix C/ *Attached Appendix C)***<br>Die vorige Algemene Jaarvergadering het aan die Raad toestemming gegee dat die toekennings hersien kan word. Dit is gedoen. (Aanhangsel A bl 22).<br>**Besluit:** Die vergadering aanvaar die wysigings. | |
| *The previous Annual General Meeting did give permission to Council to revise the awards. The action was completed. (Attachment A p 22).*<br>***Decision:*** *The meeting accepted the amendments.* | |
| **4.3 Logix Rede Kansellasies/ *Logix Reason Cancellations***<br>Mnr D Mullins het versoek dat die spesifieke rede ingevoeg word en nie net Genootskap "non-compliance" nie. Mnr H Labuschagne antwoord dat dit nie moontlik is om die detail antwoorde daar in te voeg nie. Telers moet die inligting by hul dierinligting gaan trek en is welkom om hom te skakel indien hul probleme ervaar. | |
| *Mr D Mullins requested that a specific reason be added to the non-compliance reason in cancellation of animals. Mr H Labuschagne replied that it was not possible to add details there. Breeders must draw the animal's information and was welcome to contact him to assist with any problems.* | |
| **4.4 Persentasie Keurings deur Tegniese Adviseur/ *Percentage Inspections by Technical Advisor***<br>Mnr W Gouws het aanbeveel in die vorige Algemene Jaarvergadering dat die tegniese adviseur net die helfte van die keurings doen, sodat daar variasie in die ras kan wees. Die Kantoor het ondersoek ingestel en is bevind dat dit wel die geval is. | |
| *Mr W Gouws did propose at the previous Annual General Meeting that the tecnical advisor only do half of the inspections to ensure variation in the breed. The Office did investigate and found that that was indeed the case.* | |

**5. BYVOEGINGS TOT DIE AGENDA/ *ADDITIONS TO THE AGENDA***
**Sien punt 7 op die agenda/ *See item 7 on the agenda***

**6. NUWE SAKE/ *NEW BUSINESS***
**6.1 Portefeuljes Verslae/ *Portfolio Reports***
**6.1.1 Presidensiële Verslag/ *Presidential Report*** – B Raath
Mnr AJ Rautenbach neem die voorsitter stoel in. Mnr B Raath lewer sy Presidensiële verslag.

*Mr AJ Rautenbach act as Chairman during the report. Mr B Raath presented his Presidential Report.*

**Presidensiële Verslag/ *Presidential Report***
**Aanhangsel B bladsy 23/ *Attachment B page 23***

Mnr AJ Rautenbach bedank mnr Raath vir sy verslag en sy rol as Voorsitter en sy bydrae deur die jaar tot die ras. Lede besef nie die hoeveelheid tyd wat mnr Raath insit in die Genootskap nie.
**Besluit:** Die presidensiële verslag word aanvaar soos voorgestel deur mnr G van Niekerk en gesekondeer deur mnr Ed Clark.

Mnr Rautenbach gee die voorsitterstoel terug aan mnr Raath. Mnr Raath bedank mnr Rautenbach.

*Mr AJ Rautenbach thanked Mr Raath for his report, his roll as President of the Society and his contribution to the breed during the past year. Members did not know how much time Mr Raath invested in leading the Society.*
***Decision:** The presidential report was accepted as proposed by Mr G van Niekerk and seconded by Mr Ed Clark.*

*Mr Rautenbach handed the chair back to Mr Raath. Mr Raath thanked Mr AJ Rautenbach.*

**6.1.2 Tesouriers Verslag/ *Treasurer's Report*** – Giel van Niekerk
Mnr G van Niekerk lewer sy verslag en lê die voorgestelde begroting aan die vergadering voor. Lede word genooi om vrae te vra.

Mnr H Rautenbach vra rakende Nampo, of daar twee keer onkostes sal wees. Mnr B Raath gee terugvoer rakende Nampo Virtueel wat R5 000.00 sal kos en die 2020 uitstalbetaling word oorgedra na 2021. Mnr G van Niekerk noem dat 'n borg gekry is om die stalletjie op te gradeer.

Me C Welz vra rakende die uitstaande debiteure en mnr B Raath antwoord dat daar prosesse in plek is vir debiteure

| | |
|---|---|
| uitstaande op 30, 60, 120 dae en by oorhandiging. Lede is welkom om reëlings te tref. Mnr G van Niekerk antwoord dat daar nie sommer uitstaande fondse afgeskryf word nie. Me C Welz noem dat dienste weerhou is in die verlede en mnr Raath antwoord dat dienste wel opgeskort word.<br><br>**Besluit:** Die begroting word goedgekeur, voorgestel mnr AJ Rautenbach en gesekondeer deur mnr C Kriel.<br><br>*Mr G van Niekerk presented his report and presented the proposed budget to the meeting. Members were invited to ask questions.*<br><br>*Mr H Rautenbach asked regarding Nampo, if their would be double costs. Mr B Raath gave feedback regarding Nampo Virtual that would cost R5 000.00 and the 2020 exhibition payment would be transferred to 2021. Mnr G van Niekerk replied that a sponsor was obtained that would pay for the upgrade of the exhibition space.*<br><br>*Ms C Welz asked regarding the outstanding debtors and Mr B Raath replied that there were processes in place for outstanding debtors on 30, 60, 120 days until handing over to an attorney. Members are welcome to make arrangements. Mr G van Niekerk replied that the Society rarely write off outstanding debts. Ms C Welz replied that services were withheld in the past and Mr Raath replied that it still applies.*<br><br>***Decision:*** *The budget was approved, as proposed by Mr AJ Rautenbach and seconded by Mr C Kriel.* | |
| **6.1.2.1 Inspeksie fooie Jaarlikse hersiening/ *Inspection fees Yearly revision*** | |
| Die huidige fooie is R750.00 besoek-/ dagfooi (vir die keurder), R15.00 per dier (R5.00 vir die Genootskap en R10.00 vir die keurder). Die reiskoste is tans R5.50 per km. Die fooie is nie die vorige jaar verhoog nie. | |
| **Besluit:** Mnr W Gouws is van mening dat dit moet verhoog aangesien dit 'n professionele diens is en moet die besoek-/ dagfooi verhoog na R1 000.00. Mnr A Rautenbach sekondeer die voorstel. | Kantoor |
| **Besluit**: AA tariewe reiskoste sal ingestel word vir reiskoste soos voorgestel deur mnr G van Niekerk en gesekondeer deur mnr W Gouws. | Kantoor |
| *The current fees are R750.00 day fee (for the inspector), R15.00 per animal (R5.00 for the Society and R10.00 for the inspector). The travelling fee is currently R5.50 per km. These fees were not increased last year.* | |
| ***Decision:*** *Mr W Gouws feels that it must be increased as it is a professional service and proposed R1 000.00 for a farm* | *Office* |

| | | |
|---|---|---|
| | *visit/ inspection, as seconded by Mr A Rautenbach.*<br>***Decision**: AA tariffs would be implemented for travelling fees as proposed by Mr G van Niekerk and seconded by Mr W Gouws.*<br><br>**Die res van die algemene begrotingsfooie word bespreek.**<br>Die Algemene Jaarvergadering van 2017 se besluit word tans gehandhaaf waarvolgens die jaarlikse algemene verhoging 7% is.<br>**Besluit:** Mnr J Bredenkamp stel voor dit word gewysig na inflasie plus 2% en mnr B Raath sekondeer dit en stel voor dat die Junie CPIX koers gebruik word plus 'n maksimum van 2%. Mnre AJ Rautenbach, W Gouws en G van Niekerk ondersteun ook die voorstel.<br><br>***The rest of the general budget-fees were discussed.***<br>*The Annual General Meeting of 2017 decision was implemented which implies a 7% yearly increase.*<br>***Decision:** Mr J Bredenkamp proposed that it was amended to inflation plus 2% and Mr B Raath seconded it and propose that the June CPIX rate be utilised plus a maximum increase of 2%. Messrs AJ Rautenbach, W Gouws and G van Niekerk also seconded the proposal.* | *Office* |
| **6.1.3** | **Goedkeuring van Jaarlikse Finansiële state jaar einde 30 Junie 2020 /** ***Approval of Annual Financial Statements Year end 30 June 2020***<br>Mnr M van Niekerk lê die state aan die lede voor. Hy bespreek die rekenmeestersverslag, bladsy 2 asook die Inkomste. Mnr M van Niekerk bespreek die detail inkomstestaat en die kontantvloeistaat. Lede word genooi om vrae te vra. Mnr M van Niekerk bespreek die kontantvloeistaat, bladsy 5.<br><br>**Besluit:** Die finansiële kompilasiestate word goedgekeur soos voorgestel deur mnr H Rautenbach en gesekondeer deur mnr W Gouws.<br><br>*Mr M van Niekerk presented the statements to the members. He discussed the accountant's report page 2 as well as the income. Mr M van Niekerk discussed the detail income statement and the cash flow statement, page 5. Members were invited to ask questions.*<br><br>***Decision:** The financial compilation statements were approved as proposed by Mr H Rautenbach and seconded by Mr W Gouws.* | |
| **6.1.4** | **Aanstel van Rekenmeester/** ***Appointment of Accountant***<br>**Aksie:** Die **a**genda moet gewysig word na Rekenmeesters en nie Ouditeure.<br>**Besluit:** Die rekenmeester kwotasie vir R2 900.00 van ARC | |

| | | |
|---|---|---|
| | Sakhile word goedgekeur soos voorgestel deur mnr G van Niekerk en gesekondeer deur mnr W Gouws.<br><br>***Action:*** *The agenda must be amended to state Accountants and not Auditors.*<br>***Decision:*** *The accountant quotation for R2 900.00 by ARC Sakhile was approved as proposed by Mr G van Niekerk and seconded by Mr W Gouws.* | Kantoor<br><br><br><br><br>*Office* |
| **6.1.5** | **Verslag deur Promosie & Bemarkings komitee/ *Report by Promotion & Marketing committee*** | |
| **6.1.5.1** | **Joernaal/ *Journal* - Charl van Rooyen**<br>Mnr C van Rooyen gee terugvoer rakende die joernaal. Hy noem dat dit 'n groot werk is en dat dit moeilik is om artikels en advertensies (telers en buite adverteerders) te kry. Hy is van mening dat die joernaal elke jaar beter word.<br><br>Mnr Raath bedank mnr Van Rooyen vir die volledige joernaal. Hy komplimenteer die telers met die uitstaande kwaliteit van diere in foto's. Hy bedank mnr Van Rooyen namens die telers vir die feesjoernaal.<br><br>Mnr Raath bedank me Welz vir inligting uit die argiewe wat sy aan mnr Van Rooyen verskaf het rakende die geskiedenis van die ras.<br><br>*Mr C van Rooyen gave feedback regarding the journal. He mentioned that it was a huge task and that it was challenging to obtain articles and advertisements (breeders as well as sponsor advertisements). He is of the opinion that the journal increased in quality yearly.*<br><br>*Mnr Raath thanked Mr Van Rooyen for the comprehensive journal. He complimented the breeders with the outstanding quality of the animals in the photos. He thanked Mr Van Rooyen on behalf of the breeders for the celebratory journal.*<br><br>*Mr Raath thanked Ms Welz for information out of the archives that she supplied to Mr Van Rooyen regarding the history of the breed.* | |
| **6.1.5.2** | **Algemene Bemarking / *General Marketing* – Christo Rothmann**<br>Mnr C Rothman gee terugvoer rakende die digitale bemarking op die webblad, Facebook en Youtube. (Aanhangsel C).<br><br>Mnr W Gouws vra of hy die Facebook kan gebruik vir diere verkoop. Mnr C Rothman antwoord dat mnr Gouws die Tuli webblad daarvoor kan gebruik. Mnr Gouws bedank mnr Rothman vir sy werk. | |

Mnr Raath bedank mnr Rothman vir sy insette, moeite en verslag.

*Mr C Rothman gave feedback regarding the digital marketing on the webpage, Facebook and Youtube. (Attachment C).*

*Mr W Gouws asked if Facebook could be utilised to sell animals. Mr C Rothman replied that Mr Gouws could utilise the Tuli webpage for that. Mr Gouws thanked Mr Rothman for his work.*

*Mr Raath thanked Mr Rothman for his input, effort and report.*

**6.1.5.3 Nampo – Ben Raath**

**Aksie:** Die Genootskap gaan deelneem aan Nampo Virtueel vir R5000.00. Die geborgde opgradering van die stalletjie was uitgestel as gevolg van Covid-19.

***Action:*** *The Society will participate in Nampo Virtual for R5 000.00. The sponsored upgrading of the exhibition space was postponed due to Covid-19.*

**6.1.6 Verslag deur Rasadviserende komitee en Veilings/ *Report by Breed advisory committee and Sales* - S Mains-Sheard**

Mnr S Mains-Sheard lewer verslag rakende die reproduksie opsomming. Huidig is daar 6974 koeie wat 859 keer gekalf het, wat twee keer meer is as die vorige jaar. Dit beteken dat koeie langer in produksie bly, wat vervangingskoste verlaag.

Bulle ouer as 24 maande was 665, wat hoog blyk te wees. Die TKP tussen eerste en tweede kalf was 409 dae, wat hy dink goed is. Die gemiddelde ouderdom van eerste kalf koeie is 34 maande.

**Veilings**

Mnr Mains-Sheard noem dat volgens die veillingsreëls, moet die DNS nommer van die vader van die ongebore kalf in die opmerkings genoem word.

Tydens Inspeksie en “screening” moet negatiewe TB, BM en dragtiheid sertifikate voorsien word. Bulle moet ook vir Trich getoets word. Lede moet verseker dat die gewigte in is voor hul aansoek doen vir hul katalogus. Daar is ‘n vorm wat tydens “screening” ingevul moet word by die veiling. Die gekanselleerde diere moet deurgegee word aan SA Stamboek.

Mnr Raath noem dat die kwaliteit op veilings baie verbeter het en hy wens die telers en keurders baie geluk. Die lede word genooi om vrae te vra.

Mnr Raath bedank mnr Mains-Sheard.

| | | |
|---|---|---|
| | *Mr S Mains-Sheard presented the reproduction summary. Currently there were 6 974 cows that calved 859 times, which was two times more than the previous year. That meant that the cows lived longer and produced well with a relative low replacement value.*<br><br>*Bulls older than 24 months were 665 which is relatively high. The ICP from first to second calf was 409 days which he was of the opinion was good. The average age for the first calf was 34 months.*<br><br>***Sales***<br>*Mr Mains-Sheard mentioned that according to the sale rules pregnant females must supply the DNA profile numbers of the sires in the catalogue comments.*<br><br>*During inspection and screening a negative TB and CA certificate and pregnant certificates should also be supplied. Bulls must also be tested for Trich. Members must ensure that the weights were in the system before they apply for their catalogue. There is a screening form that should be completed during the sale screening. The cancelled animals must be send to SA Stud Book.*<br><br>*Mr Raath mentioned that the quality of sales did improve and he congratulated the breeders and the inspectors. The members were invited to ask questions.*<br><br>*Mr Raath thanked Mr Mains-Sheard.* | |
| **6.1.7** | **Verslag deur SA Stamboek komitee*/ Report by SA Stud Book committee* – Ed Clark**<br>Mnr E Clark gee terugvoer rakende SA Stamboek. Logix is op ‘n nuwe bedienaar geplaas. Hy nooi mnr H Labuschagne om verder terugvoer te gee.<br><br>Mnr H Labuschagne noem dat die “browsers” opgedateer is na nuwe sagteware. Almal het hard gewerk om die hele Logix oor te bou op ‘n nuwe bedienaar. Die slotjie is toe en die webblad is nou veilig. Daar is sprake dat dit bietjie vinniger is. Lede word genooi om die groen knoppie te gebruik om foute aan te meld. Stamboek vra om verskoning vir die ongerief wat verduur is.<br><br>Die skakel is nou www.logix.co.za. Lede moet die nuwe skakel gebruik.<br><br>Mnr B Raath gee terugvoer soos hy dit telefonies van mnr R Clark, Stamboek President, ontvang het. Rakende Genomika. Die regering het nie geld nie en lede word gemotiveer om vir die R800.00 fooi, stoetbulle te laat ontleed. Unistel en | |

| | | |
|---|---|---|
| | Stamboek is besig met 'n ooreenkoms rakende die SNIP merkers.<br><br>Stamboek se finansies lyk goed. Die wyse van fakturering is gewysig. Die jaarlikse fooie is met 4% verhoog, maar net 24 maande en ouer diere word nou gefaktureer. Die Januarie nuwe kalf fakturering het ook weggeval.<br><br>*Mr E Clark gave feedback regarding SA Stud Book. Logix was placed on a new server. He invited Mr H Labuschagne to elaborate.*<br><br>*Mr H Labuschagne mentioned that the browsers were updated to new software. Everyone worked hard to rebuild the whole Logix onto a new server. The system is now secure with a closed lock icon. It even seems faster. Members were invited to log problems and errors through the green button icon. Stud Book apologised for the discomfort that members endured.*<br><br>*The new link is www.logix.co.za. Members should utilise that link.*<br><br>*Mr B Raath shared feedback that he received telephonically from Mr R Clark, Stud Book President. Regarding Genomics, the government did not have funds for the project and members were motivated to have their herd sires analysed for the R800.00. Unistel and Stud Book was busy with negotiations regarding the SNIP markers.*<br><br>*The finances of SA Stud Book is healthy. Invoicing was amended and the yearly fees increased with 4% and invoicing is now only for animals 24 months and older. The January new calf invoicing was ommitted.* | |
| **6.1.8** | **Inspeksie verslag/ *Inspection report* – AJ Rautenbach**<br>Mnr AJ Rautenbach vra dat alle keurders die keuringsvergadering en –kursus bywoon. Senior keurders sal dit moet bywoon om te kan voortgaan om te keur.<br><br>Hoewe was 'n probleem wat na vore gekom het gedurende die jaar. Keurders moet na die diere kyk en sorg dat die beeste op 'n kaal oppervlakte loop sodat die hoewe ordentlik gesien kan word.<br>Wysigings aan die keuringslyste sal bespreek word.<br><br>Hy is ook van mening dat die veilings se diere kwaliteit verbeter het. Hy wens die telers en keurders geluk.<br><br>Mnr B Raath bedank mnr AJ Rautenbach en nooi die vergadering of hul vrae wil vra. Daar is geen vrae nie. | |

*Mr AJ Rautenbach requested that all inspectors must attend the inspector's meeting and –course. Senior inspectors must attend in order to continue inspecting.*

*Hooves was a problem during the year. Inspectors must inspect the animals and must ensure that the animals walk on a bare surface to ensure that the hooves were inspected properly. Amendments to the inspector list will be discussed.*

*He was also of the opinion that the quality of the sale animals did improve and he congratulated the breeders and inspectors accordingly.*

*Mr B Raath thanked Mr AJ Rautenbach and invited the meeting to ask questions. There were no questions.*

**6.1.9 Verslag deur Grondwet komitee / *Report by Constitution committee* – Ben Raath**

**6.1.9.1 Grondwetwysiging/ Constitutional Amendment:**

Die vergadering bespreek die voorgestelde wysiging wat in beginsel reeds deur die 2019 Algemene Jaarvergadering aanvaar is, maar grondwetlik nou op die agenda moes verskyn, om aan die Registrateur se voorwaardes vir grondwetwysigings te voldoen.

*The meeting discussed the proposed amendment that was approved in principle at the 2019 Annual General Meeting, but constitutionally it must appear on the agenda now to comply to the Registrar's conditions.*

**Die Grondwet lees**

10.3.2 By so 'n Algemene Jaarvergadering sal die Raad sy jaarverslag aan die Genootskap voorlê, tesame met behoorlike geouditeerde finansiële state.

11.3 Die Raad moet toesien dat die Genootskap behoorlike rekeningboeke hou wat van tyd tot tyd, maar nie minder nie as een keer per jaar, deur 'n ouditeur wat deur die Algemene Jaarvergadering van die Genootskap aangestel is, geouditeer word.

**The Constitution states**

9 (a) to appoint, dismiss or suspend such attorneys, or other legal representatives, auditors, agents, officers or officials or other employees for or from permanent, temporary or special services as it may deem fit; to determine their powers and duties and to fix their remuneration and conditions of service and to require such security for the due performance of their functions as it may in particular cases deem expedient;

| | |
|---|---|
| 10.3.2 At such Annual General Meeting, Council shall submit its annual report, together with a duly audited financial statements. | |
| 11.3 Council shall cause proper books of account of income and expenditure to be kept in respect of the Society. All accounts shall be audited from time to time but not less than once every year by an auditor or auditors appointed by Council. | |
| **Voorgestelde wysigings**<br>10.3.2 By so 'n Algemene Jaarvergadering sal die Raad sy jaarverslag aan die Genootskap voorlê, tesame met ~~behoorlike geouditeerde~~ kompilasie finansiële state deur 'n **geregistreerde rekenmeester aangestel deur die Algemene Jaarvergadering.** | |
| 11.3 Die Raad moet toesien dat die Genootskap behoorlike rekeningboeke hou ~~wat van tyd tot tyd, maar nie minder nie as een keer per jaar, deur 'n ouditeur wat deur die Algemene Jaarvergadering van die Genootskap aangestel is, geouditeer word.~~ | |
| **Proposed amendments**<br>9 (a) to appoint, dismiss or suspend such attorneys, or other legal representatives, ~~auditors~~, **accountants,** agents, officers or officials or other employees for or from permanent, temporary or special services as it may deem fit; to determine their powers and duties and to fix their remuneration and conditions of service and to require such security for the due performance of their functions as it may in particular cases deem expedient; | |
| 10.3.2 At such Annual General Meeting, Council shall submit its annual report, together with ~~a duly audited~~ **compilation** financial statements. | |
| 11.3 Council shall cause proper books of account of income and expenditure to be kept in respect of the Society. ~~All accounts shall be audited from time to time but not less than once every year by an auditor or auditors appointed by Council.~~ | |
| **Besluit:** Die voorgestelde Grondwetwysiging word eenparig aanvaar soos voorgestel deur mnr H Rautenbach en gesekondeer deur mnr W Gouws. | Kantoor |
| **Aksie:** Die Grondwet sal in totaal hersien word deur me Sherri van Zyl van SA Stamboek. | Sherri |
| ***Decision**: The proposed Constitutional Amendment was* | |

| | |
|---|---|
| *accepted unanimously as proposed by Mr H Rautenbach and seconded Mr W Gouws.* | |
| ***Action:*** *The whole Constitution will be revised by Ms Sherri van Zyl of SA Stud Book.* | *Sherri* |
| **6.1.10 Afrika verteenwoordigers/ *African representatives*** | |
| **6.1.10.1 Zambië/ Zambia – Mnr/ *Mr* Chris Rodgers** | |
| Mnr AJ Rautenbach noem dat Zimbabwe wel 'n streeksvereniging geskep het. Mnr H Labuschagne noem dat Breedplan-data ingetrek kan word in Logix, maar dat dit heelwat tyd neem om net een kudde in te trek en dat dit dus goed sou wees as meer kuddes betrokke kon wees. | |
| Mnr E Clark sal die buitelandse lede Raadsporfeteulje hanteer. **Aksie:** Die nuwe Raad sal aandag aan die saak gee, siende daar 'n groot mark in die buiteland sal wees wanneer die grense oopgaan. | Raad |
| Mnr E Clark noem dat Zimbabwe nie bereid was om deel van Stamboek te wees nie. Mnr Gouws voeg by dat hul nie destyds wou oorskuif nie. Me Welz noem dat hul Breedplan gekies het teenoor Suid-Afrika wat Stamboek gekies het. | |
| Mnr W Gouws noem dat die bemarkingsfooi ook nie vir hul aanvaarbaar was nie, siende die Suid-Afrikaanse bemarking nie vir die Zambiese lede tot voordeel is nie. **Aksie:** Mnr Ed Clark sal die saak ondersoek. | Ed |
| *Mr AJ Rautenbach mentioned that Zimbabwe did found a regional Society. Mr H Labuschagne mentioned that Breedplan data could be incorporated into Logix, but for just one herd it would take some time and that it therefore is more advisable to involve more herds.* | |
| *Mr E Clark will manage the Africa members as council member in his portfolio.* ***Action:*** *The new Council will address the matter as the African market would be a huge opportunity, once the border opens.* | *Council* |
| *Mr E Clark mentioned that Zimbabwe was not prepared to be part of SA Stud Book. Mr Gouws added that they did not want to move some years ago. Ms Welz mentioned that they chose Breedplan while South Africa chose SA Stud Book.* | |
| *Mr W Gouws added that the marketing fee was not acceptable to them, as the South African marketing did not benefit them.* ***Action:*** *Mr Ed Clark will investigate the matter.* | *Ed* |
| **6.1.10.2 Namibië – Mnr/ *Mr* Volker Rugheimer** | |
| Mnr E Clark gee terugvoer en noem dat mnr V Rugheimer tans | |

| | | |
|---|---|---|
| | in die buiteland was en dus nie verslag kon lewer nie.<br><br>*Mr E Clark gave feedback and mentioned that Mr V Rugheimer was currently overseas and therefore could not send a report.* | |
| **6.1.11** | **Tegniese Adviseur/ *Technical Advisor* – Charl van Rooyen**<br>Mnr C van Rooyen lewer verslag. Hy het reeds verslag gelewer rakende die joernaal by item 6.1.5.1.<br><br>Hy vra waar staan die Tuli vandag. Hy is van mening dat geweldige groot vordering in die ras gemaak is in die afgelope twee of drie jaar.<br>Hy het destyds gevra is die Tuli 'n vleisras, want dan moet met ander vleisrasse kompeteer word. Helfte beeste wat hy destyds besoek het, was nie'n bemarkbare produk nie.<br><br>Hy noem dat mnr C Rothman dit die vorige dag in die simposium aangeraak het. Die ras is vandag sigbaar en in aanvraag.<br><br>Mnr C van Rooyen noem rakende Dr Theron se aanbieding die vorige dag by die simposium. Hy is van mening dat uit 'n praktiese oogpunt moet die produk bemarkbaar wees. Saam met die wetenskap moet die produk verkoopbaar wees.<br><br>Hy noem dat mnr C Rothman dalk n sekere mark het en elke teler moet besluit oor sy sekere mark. Hy stel voor n bosberaad word gehou te besluit waarheen die ras vorentoe gaan.<br><br>Belangstellendes het hom gekontak wat die Radio Onderhoude gehoor het en begin belang stel in die Tuli.<br><br>Mnr Van Rooyen noem rakende die kommersiële telers, die Raad moet besin wat word gedoen vir die kommersiele telers, 'n stelsel te kry om hul te betrek.<br><br>Kommersiële telers kan 'n klein fooi betaal vir nuusbriewe en een besoek. Daar moet aandag aan hul gegee word en hul moet nie verloor word nie.<br><br>Mnr Van Rooyen het n suksesvolle boeredag by mnr W Gouws gehou. Hy wil graag 'n mini boeredag hou.<br>**Aksie:** Daar is groot navraag vir KI bulle.<br><br>Wat die speenkalfprojek aanbetref, telers word genooi om kalwers met prulfoute te voorsien, want dit hoef nie 'n topkalf te wees nie.<br><br>Mnr B Raath bedank mnr Van Rooyen. | Raad |

| | |
|---|---|
| *Mr C van Rooyen presented his report. He presented his report regarding the journal at item 6.1.5.1.*<br><br>*He asked where the Tuli stood currently. He was of the opinion that huge progress were made in the breed during the last two to three years. He did ask in the past if the Tuli was a beef breed as then it must compete with other beef breeds. Half of the catlle he did inspect in those years, were not of a marketable quality.*<br><br>*He mentioned that Mr C Rothman did mention it the previous day in the symposium. The breed is visible today and in demand.*<br><br>*Mr C van Rooyen mentioned that regarding Dr Theron's presentation the previous day at the symposium, he was of the opinion that- out of a practical viewpoint- the product was marketable and with science added the product must also be sellable.*<br><br>*He mentioned that Mr C Rothman did have a specific market and that each breeder must decide about his/ her specific market. He suggested that a "bosberaad" be held where it was decided in what direction the breed want to progress.*<br><br>*The Radio interviews did have a positive result that listeners contacted Mr van Rooyen.*<br><br>*Mr Van Rooyen mentioned that regarding commercial breeders Council must decide what can be done to get commercial breeders involved and in the system. Commercial breeders can pay a small fee for newsletters and one visit by the technical advisor. They must be taken into consideration.*<br><br>*Mr Van Rooyen did hold a successful mini farmers' day at the farm of Mr W Gouws.*<br>***Action**: There is a need for AI bulls.* | *Council* |
| *Regarding the weaner calf project, breeders may give calves with cullable flaws as it did not need to be a top calf.*<br><br>*Mr B Raath thanked Mr Van Rooyen.* | |
| **6.1.11.1 Hernuwing van mnr Van Rooyen se kontrak/**<br>***Renewal of Mr Van Rooyen's contract***<br>Mnr B Raath gee terugvoer. Die Uitvoerende Komitee en mnr C Kempen het die kontrak hersien.<br>**Besluit:** Die vergadering keur goed dat die Uitvoerende Komitee die nodige wysigings aanbring. Die salaris is goedgekeur in die begroting. | UK |

| | | |
|---|---|---|
| | *Mr B Raath gave feedback. The Executive Committee and Mr C Kempen did revise the contract.*<br>***Decision:*** *The meeting approved that the Executive Committee amend the contract. The salary was approved in the budget.* | *EC* |
| **6.1.12** | **Sekretariaat/Secretariat** – C Kempen<br>Mnr C Kempen gee terugvoer. Sekretariaat fokus daarop om waarde toe te voeg tot die Genootskappe. Hy noem dat Sekretariaat probeer fokus op die uitstaande debiteure. Hy wens die ras geluk met die eerste elektroniese aanlyn Algemene Jaarvergadering. Kostes word gespaar in elektroniese vergaderings, wat die ras dan kan investeer op ander gebiede.<br><br>Sekretariaat kyk na volhoubaarheid. Infrastruktuur moet gebou word om tuis en by die kantoor te kan werk. Derde stroom inkomste word ondersoek in byvoorbeeld gebou verhuring.<br><br>Mnr Raath bedank mnr Kempen en die Sekretariaat.<br><br>*Mr C Kempen gave feedback. The Secretariat focused on adding value to the Societies. He mentioned that the Secretariat focus on outstanding debtors. He congratulated the Society with the first electronic online Annual General Meeting. Costs were saved in electronic meetings, that the Society could invest elsewhere.*<br><br>*The Secretariat investigated sustainability. Infrastructure was built to work from home as well as from the Office. Third stream income was investigated as for instance in renting out office space in the Stud Book building.*<br><br>*Mr Raath thanked Mr Kempen and the Secretariat.* | |
| **6.1.13** | ***Jaar program/*** **Year program *2020***<br>HBH Veiling/ Sale 26 Augustus/ *August*<br>Nampo Wes-Kaap/ *Western Cape* 8 – 11 September: Afgestel/ *Cancelled*<br>Nampo Virtueel/ *Virtual* 9-12 September<br>ALFA Nampopark 24 – 26 September Virtueel/ *Virtual*<br>Vleissentraal SA Stamboek Elite Bulgroeitoetsklas/ *Vleissentraal SA Stud Book Elite Bul Growth Test Class* 25 September ALFA Nampopark<br>Royal Skou/ *Show* Afgestel/ *Cancelled*<br>Glen Heath Veiling/ *Sale* 16 September<br>Tiptree & Avondale Veiling/ *Sale* 22 September<br>Eira Veiling/ *Sale* Afgestel/ *Cancelled*<br>Go West Veiling/ *Sale* 15 Oktober/ *October* | |
| **7.** | **NUWE SAKE: BYVOEGINGS / *NEW MATTERS: ADDITIONS*** | |

**7.1 Rasstandaarde/ *Breed Standards* – S Main-Sheard**

**Motivering/ *Motivation:***
One cannot market our breed as the most fertile and then accept our breed standards as they are. According to our cow chart, fertility should be the most important factor and we must be proactive and set our breed standards to reflect such.
If a cow exceeds these ICP days as set out in our breed standards, the member may apply to the council to have a cow approved. E.g. cow been used for embryo flushing can be exempted. The amount of days I mentioned is a suggestion and the members should vote in principal to have these standards reduced and in so doing improve our breed.

**Voorstel tot wysiging/ *Proposal for amendment***

**1. RASSTANDAARDE**
1.1 Verse moet binne 39 maande kalf.
1.2 Eerste kalf koeie mag tussen haar eerste en tweede kalf 'n TKP van **~~760~~ 550** dae hê.
1.3 Koeie met 3 kalwers of meer moet `n gemiddelde TKP van **~~570~~ 500** dae of laer handhaaf.
1.4 Geen koei mag 'n TKP van **~~760~~ 550** dae tussen enige twee kalwers oorskry nie.
1.5 Koeie mag nie DSLK van **~~760~~ 550** dae oorskry nie. (dae sedert laaste kalf)

1. **BREED STANDARDS**
**1.1** Heifers must calve for the first time within 39 months of birth.
1.2 Cows are allowed a maximum ICP of **~~760~~ 550** days between the first and second calves.
1.3 Cows with 3 or more calves must maintain an ICP of **~~570~~ 500** days or less.
1.4 Cows are not allowed to exceed **~~760~~ 550** days between any two calvings.
1.5 Cows are not allowed more than **~~760~~ 550** DSLC (Days since last calving).

*Council*

**Bespreking/ *Discussion***
Mnr AJ Rautenbach stel voor die Raad ondersoek die saak verder. Mnr W Gouws sekondeer mnr Main-Sheard se voorstel vir verdere ondersoek. Hy noem dat die rasstandaarde wel aangepas moet word vir veilings.

Me C Welz noem dat die diere getalle die laaste paar jaar dieselfde bly. Sy vra hoeveel diere oorskry reproduksie norme en staan gevaar gekanselleer te word. Dan moet die ras vra is dit die moeite werd of nie. Hoeveel diere sal verloor word en hoeveel telers sal kwaad word deur diere kommersiëel te maak en die stamboom is verlore.

| | |
|---|---|
| Mnr AJ Rautenbach sluit aan by me Welz dat daar wel telers was wat sterk teenkanting gehad het. Party telers het net een kalfseisoen en dan sal die dier uitval.Mnr H Rautenbach noem dat solank die gemiddelde reg is, sal hy in beginsel saamstem.<br><br>Mnr C Rautenbach noem dat die probleem dalk in 'n droeë jaar was en dan penaliseer jy daardie dier.<br><br>Mnr C Kriel noem dat 'n kunsmatige situasie nie geskep moet word nie. Kan 'n koei n jaar oorslaan of nie. Mnr AJ Rautenbach noem dat miskien sal die probleem opgelos kan word as die koeiwaarde gewysig word.<br><br>**Besluit:** Die saak moet na die Raad verwys word.<br>Die finansiële aspek van diere wat verlore sal gaan, moet in ag geneem word en die telers gaan ook nou meer selekteer vir vrugbaarheid.<br><br>Die diere wat op 'n veiling moet kom se TKP moet dalk aangepas word.<br><br>Mnr Raath vra of mnr S Mains-Sheard sal aanvaar dat die item na die Raad verwys word te ondersoek. Hy aanvaar dit.<br><br>*Mr AJ Rautenbach proposed that Council investigate the matter. Mr W Gouws seconded Mr Main-Sheard's proposal and Mr AJ Rautanbach's proposal to investigate. He mentioned that the breed standards should be adapted for sales.*<br><br>*Ms C Welz mentioned that the animal count did remain constant the last few years. She asked how many animals would exceed reproduction norms and would be in danger to be cancelled as then the breed must ask if it is worth it. How many animals would be lost and how many breeders enraged if animals should be made commercial and the pedigree lost.*<br><br>*Mr AJ Rautenbach supported Ms Welz and added that there were breeders that was against it. Some breeders only had one calving season and then the animals would be cancelled. Mr H Rautenbach mentioned that as long as the average were correct, he would agree in principle.*<br><br>*Mr C Rautenbach mentioned that the problem will be, that in a dry year animals would be penalised.*<br><br>*Mr C Kriel mentioned that an artificial situation must not be created. May a cow skip a year or not. Mr AJ Rautenbach replied that maybe the problem would be solved if the cow value changed.*<br><br>***Decision:*** *Council must investigate the matter.* | Raad<br><br>*Council* |

*The financial aspect of animals that was lost, must be taken into account and breeders must select more for fertility.*

*The ICP of animals on sale should maybe adapted.*

*Mr Raath asked if Mr S Mains-Sheard would accept that Council investigated the matter. He accepted.*

**7.2 Koeiwaarde wysiging (Simposium)/ *Cow Value Amendment (Symposium)***

Dr H Theron sluit aan by die vergadering. Mnr B Raath verwelkom haar. Mnr AJ Rautenbach som die simposium van 19 Augustus op vir die lede wat nie teenwoordig was nie. Hy wys die profiel van die vyfsterdiere wat bestudeer is in die wysigings. Melk was sterk, groot speenkalf, redelike hoë kalfgemak, redelike gemiddelde vrugbaarheid oor die algemeen. Hy stel voor dat dit aangepas word.

Mnr S Mains-Sheard noem dat die kommersiële boere kyk na die sterre.
Mnr W Gouws vra rakende akkuraatheid en Dr Theron antwoord dat akkuraatheid afhang van die hoeveelheid inligting op die stelsel rakende die dier en dat jong diere dus minder akkuraatheid sal wys.

Dr Theron noem hoe groter die koei, hoe meer die onderhoud en dit kan ook veroorsaak dat sy dragtigheid oorslaan. Dr Theron noem dat hul poog om dit te balanseer dat sy elke jaar kalf en dan elke kalf speen.

Mnr Raath noem dat van 1 Februarie 2020 is dit verpligtend om koeigewig by speen te weeg.
**Besluit:** Mnr C Kriel stel voor dat die nuwe koeiwaardes geïmplementeer word en mnr S Mains-Sheard sekondeer. Daar is geen teenvoorstelle.

Dr Theron noem dat die nuwe koeiwaardes einde September geïnplementeer sal word.

Mnr Raath bedank Dr Theron. Sy verlaat die vergadering.

*Dr H Theron joined the meeting. Mr B Raath welcomed her. Mr AJ Rautenbach summarised the symposium held on 19 August for the members that did not attend. He showed the profile of the five star animals that were studied in the amendments. Milk was strong, a bigger weaner calf, reasonably high calving ease and reasonably average fertility in general. He proposed that it be adapted.*

*Mr S Mains-Sheard mentioned that the commercial famers studied the stars. Mr W Gouws asked regarding the accuracy and*

| | |
|---|---|
| *Dr Theron replied that the accuracy depends on the amount of information in the system, regarding the animals and therefore the young animals will show less accuracy.*<br><br>*Dr Theron mentioned that the bigger the cow, the more maintenance and that can also be why she would skip a pregnancy. Dr Theron mentioned that they endeavoured to balance that she will calf every year and that each calf should wean.*<br><br>*Mr Raath mentioned that from February 2020 it was mandatory that cows be weighed with the wean weight.*<br>***Decision:** Mr C Kriel proposed that the new cow values be implemented and Mr S Mains-Sheard seconded.There were no objections against the proposal.*<br><br>*Dr Theron mentioned that the new cow values will implemented by the end of September.*<br><br>*Mr Raath thanked Dr Theron. She left the meeting.* | |
| **7.3 Toekennings 2020/ *Awards 2020***<br>Mnr H Labuschagne vra verskoning dat- weens die Logix oorskakeling na 'n nuwe bedienaar- nie die syfers betyds te kon voorsien vir die nuwe toekennings nie.<br>**Aksie:** Die toekennings sal op die nuwe koeiwaarde bepaal word soos voorgestel word deur mnr S Mains-Sheard en gesekondeer deur mnr CJ Rautenbach. | Herman |
| *Mr H Labuschagne apologises that- due to the Logix change in server- the fugures were not available in time.*<br>***Action:** The awards will be compiled on the new cow values proposed by Mr S Mains-Sheard and seconded by Mr CJ Rautenbach.* | *Herman* |
| **8. VERKIESING VAN RAADSLEDE/ *ELECTION OF COUNCIL MEMBERS***<br>Al die raadslede is herkiesbaar. All council members were electable.<br>Mnr C Kempen bestuur die verkiesingsproses. Mr C Kempen managed the elecion process.<br><br>**Besluit:** Mnr C Kriel stel voor dat die huidige Raad in totaal herverkies word en die voorstel word gesekondeer deur me C Welz.<br>Mnr C Kempen vra of enige lede beswaar het teen die voorstel en daar is geen besware nie. Die voorstel word dus eenparig aanvaar.<br><br>***Decision:** Mr C Kriel proposed that the current Council be re-elected which was seconded by Ms C Welz.* | |

| | | |
|---|---|---|
| | *Mr C Kempen asked if any member objected to the proposal and there were no objections. The proposal was therefore accepted unanimously.*<br><br>**Die Raad vir 2020-2021 is:** ***Council for 2020-2021 was:***<br>Ben Raath – President en Uitvoerende Komitee/ and Excutive Committee<br>Albie Rautenbach – Visepresident en Uitvoerende Komitee/ *Vice-President* and Excutive Committee<br>Giel van Niekerk Uitvoerende Komitee/ Excutive Committee<br>Jim Bredenkamp<br>Ed Clark<br>Christo Rothmann<br>Giel van Niekerk<br>Albie Rautenbach<br><br>Mnr B Raath bedank die lede vir hul vertroue in the Raad. Hy nooi lede om probleme te kommunikeer met die Raad.<br><br>*Mr B Raath thanked the members for their confidence in Council. He invited members to communicate problems to Council.* | |
| **9.** | **DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING/** ***DATE OF NEXT MEETING***<br>**Besluit:** Die vergadering laat die besluit aan die Raad oor. Lede verkies ‘n Woensdag of ‘n Donderdag.<br><br>***Decision:*** *Council will decide on the date. Members prefer a Wednesday or a Thursday.* | Raad<br><br>*Council* |
| | **AFSLUITING/** ***CLOSURE***<br>Mnr B Raath bedank me C Welz vir haar bywoning en insette. Hy bedank ook die lede vir hulle insette en sluit af met gebed. Die vergadering verdaag om 13:47.<br><br>*Mr B Raath thanked Ms C Welz for attending and for her input. He also thanked members for their input and closed the meeting with a prayer. The meeting adjourned at 13:47.*<br><br>**Geteken te/** ***Signed at*** **.................................. op hierdie/** ***on***<br><br>***this*** **......... dag van/** ***day of*** **........................ 2021**<br><br>**.......................................**<br>**President** | |

.........................

**Aanhangsel A bladsy / *Attachment A page***

**TOEKENNINGS/ AWARDS:**

**1.** Die Stefan van Wyk Wisseltrofee vir die Tuli Kudde van die Jaar. Hierdie toekenning sal bly bereken word op die SA Stamboek Elite Kudde kompetise se kriteria. ‘n Derde is hoe goed teken die kudde aan, ‘n derde is die vrugbaarheid binne die ras en dae sedert laaste kalf. Die ander derde is die gemiddelde koeiwaardes van die bulle en die vroulike diere.

*The Stefan van Wyk Floating Trophy of Tuli Herd of the Year. This awared will be calculated according to SA Studbook Elite Herd competition criteria. A third will be for data recording, a third for fertility within the breed and days since last calf. The other third is the average cow values of the bulls and the female animals.*

***2.*** Eerste drie plekke vir beste koeiwaarde aan kuddes met 20 vroulike diere en meer. Berekening word gegrond op alle vroulike diere binne die kudde, 2 jaar en ouer.

*First three places for best cow value in herds with 20 female animals and more. Calculation will be based on all female animals in the herd, two years and older.*

**3.** Eerste drie plekke in die kudde met die beste TKP met dae sedert laaste kalf minder as 500 dae en kuddes met 20 vroulike diere en meer.

*First three places in the herd with the best ICP with days last calf less than 500 days and with herds with 20 and more female animals.*

**4.** Tuli kudde met die meeste toekennings aangeteken op Logix.

*Tuli herd with the most awards notified on Logix.*

**5.** Tuli kudde met die hoogste persentasie van bulle wat gebore is, wat deelneem aan ‘n plaasgroeitoets.

*Tuli herd with the highest percentage of bulls born, that participated in a farm growth test.*

**6.** Kudde met minimum 3 bulle in Voerinname toets met die beste gemiddelde voeromset van alle bulle getoets.

*Herd with minimum 3 bulls in Feed intake test with the best average feed conversion ratio of all bulls tested.*

**7.** Teler van die bul met die beste voeromset verhouding in Voerinname toets.

*Breeder of the bull with the best feed conversion ratio in a Feed intake test.*

**Raadslede / Council Members**
**B Raath (President), A Rautenbach (Visepresident), S Mains-Sheard, G van Niekerk, J Bredenkamp, E Clark, C Rothmann**

Beste verbetering in TKP val weg. Best progress in ICP was ommitted as award
Beste TKP in die ras val weg. Best ICP in Breed was ommitted as award.

**.................................**

**Aanhangsel B bladsy 23 / *Attachment B page 23***
**Presidensiële Verslag/ *Presidential Report***

PRESIDENTSVERSLAG

ALGEMENE JAARVERGADERING 19 AUGUSTUS 2020:

BAIE DANKIE VIR DIE GELEENTHEID OM VERSLAG TE KAN DOEN OOR DIE AFGELOPE FINANSIëLE JAAR SE BEDRYWIGHEDE. WAT 'N VOORREG OM DEEL TE KAN WEES VAN DIE TULI-RAAD EN DIE TULI FAMILIE IN DIE GEHEEL!

EK IS SEKER U SAL SAAM MET MY STEM DAT DIE TULI-RAS HOMSELF OP 'N BAIE GOEIE PLEK BEVIND EN KONSTANT AANHOU GROEI, VERAL WANNEER DIE ALGEHELE POLITIEKE EN FINANSIëLE PRENTJIE IN SUID AFRIKA EN OOK OOR DIE RES VAN DIE WêRELD IN AG GENEEM WORD. EK GLO U IS OOK BEWUS VAN VEILINGS WAAR DAAR MEER AS 'N MILJOEN RAND VIR BULLE BETAAL WORD. EK MOET BIEG, DIT SAL NIE SLEG WEES OM SOVEEL VIR 'N BUL TE KRY NIE, MAAR EK BEVRAAGTEKEN DIE VOLHOUBAARHEID DAARVAN. EK GLO LIEWER AAN KONSTANTE GROEI, MET VOLHOUBARE EN BEKOSTIGBARE PRYSE.

ONS VIER VANJAAR ONS 25STE BESTAANSJAAR EN KAN ONS NIE ANDERS AS OM HULDE TE BRING AAN WYLE LEN HARVEY VIR SY ONGELOOFLIKE VISIE EN HARDE WERK MET DIE ONTWIKKELING VAN DIE TULI RAS! WE ARE PROUD TO HAVE HIS DAUGHTER MARGI HARVEY AND HIS GRANDDAUGHTER JOANNE AS FELLOW TULI BREEDERS. DAARMEE SAAM WIL EK OOK OP PLAASLIKE BODEM VIR ERE LID TANNIE CARMEN WELZ EN WYLE STEPHAN WELZ BEDANK VIR HUL REUSE BYDRAE WAT HUL GEMAAK HET MET DIE TOTSTANDKOMIMG VAN DIE SUID AFRIKAANSE TULI BEESTELERSGENOOTSKAP. DIE NALATENSKAP WAT JUL VIR BEESBOERE, NIE NET IN SUID AFRIKA, MAAR OOK OOR DIE RES VAN DIE WERELD NALAAT, IS VAN ONMEETBARE WAARDE! WEES VERSEKER DAT ONS AS RAAD EN TELERS BAIE VERSIGTIG EN OORDEELKUNDIG DAARMEE SAL HANDEL!

| | |
|---|---|
| EK BESKOU SUID AFRIKA AS WêRELDLEIERS IN DIE TULI BEDRYF EN RUS DAAR 'N BAIE GROOT VERANTWOORDELIKHEID OP ONS MET DIE VERDERE ONTWIKKELING VAN ONS RAS! SAMEWERKING EN BETER KOMMUNIKASIE MET ONS BUURLANDE, IS VAN KARDINALE BELANG, VIR DIE VOORTBESTAAN VAN ONSSELF AS BOERE, ASOOK DIE TULI-RAS. DAAROM HET DIE RAAD DIT OOK GOEDGEDINK OM 'N EKSTRA PORTEFEULJE OP DIE RAAD SE BESTUUR TE SKEP NAAMLIK "BUITELANDSE VERTEENWOORDIGER" OM BETER KOMMUNIKASIE TE BEWERKSTELLIG.<br><br>DIE RAAD IS DEURLOPEND BESIG OM ONS RAS SO KOSTE EFFEKTIEF AS MOONTLIK TE BEMARK. BEMARKING KOS BAIE GELD EN IS DEEGLIKE BEPLANNING NOODSAAKLIK OM DIE BESKIKBARE FONDSE SO EFFEKTIEF AS MOONTLIK AAN TE WEND. ONS GROOTSTE ENKELE UITGAWE WAT ONS AS DEEL VAN BEMARKING BESKOU, IS ONS TEGNIESE ADVISEUR. ONS IS EGTER OORTUIG DAARVAN DAT DIE GENOOTSKAP OP 'N PUNT GEKOM HET, WAAR ONS NIE MEER SONDER DIE DIENSTE VAN 'N TEGNIESE ADVISEUR KAN FUNKSIONEER NIE. EK IS SEKER U AS LEDE SAL SAAMSTEM DAT ONS DIE AFGELOPE FINANSIëLE JAAR ONS RAS MEER DOELTREFFEND EN EFFEKTIEF BEMARK HET. MET DIE PLASING VAN ELKE ADVERTENSIE, OF RADIO ONDERHOUD, IS GOEIE TERUGVOERING ONTVANG EN BELKEMTOON WEEREENS DIE BELANGRIKHEID DAARVAN. DAAR IS EGTER NOGSTEEDS RUIMTE VIR VERBETERING EN AANDAG SAL DAARAAN GEGEE WORD. DIE BEMARKINGSKOMITEE SAL VERDER OOR BEMARKINGSAKTIWITEITE UITBREI.<br><br>COVID-19 HET ONS ALMAL OMKANT GEVANG EN NIEMAND HET IN SY WILDSTE DROME KON DINK DAT DIE HELE WêRELD TOT STILSTAND GEDWING KAN WORD NIE! DIT HET OOK 'N INVLOED OP ONS BEDRYWIGHEDE GEHAD. VAN DIE GROOTSTE SKOUE OF LANDBOUTENTOONSTELLINGS IS AF- OF UITGESTEL. ONS GLO EGTER DAARAAN OM NIE AGTER TE BLY NIE EN GAAN ONS NOGSTEEDS, INDIEN MOONTLIK DEELNEEM. AL IS DIT VIRTUEEL, SOLANK DIT KOSTE EFFEKTIEF IS.<br><br>ONS JAARLIKSE WYNVEILING IN SAMEWERKING MET GWK EN VANJAAR LETTE FOUCHé, 'N SKOOL VIR ERG VERSTANDELIK GESTREMDE KINDERS, IS OOK AFGESTEL. HIERDIE GELEENTHEID GAAN EINDE APRIL 2021 PLAASVIND EN DAAR WORD ALREEDS MET REëLINGS BEGIN. ONS VRA ASB ELKEEN SE SAMEWERKING IN HIERDIE VERBAND. DIE GEDAGTE IS | |

| | |
|---|---|
| OM GELD BUITE ONS TULI GEMEENSKAP IN TE SAMEL. ONS GAAN WEL ELKE TELER NADER VIR BORGE, HETSY WYN OF JAGPAKETTE, OF NET ‘N DONASIE. ELKE BORG SAL DIE NODIGE ERKENNING ONTVANG.<br>DIE SPEENKALFPROJEK, SOOS BESLUIT OP AJV 2019 HET OOK DOODGELOOP, AGV DIE RAMPDROOGTE EN COVID-19 SITUASIE. HIERDIE PROJEK SAL SPOEDIG HERVAT WORD. ONS VRA ASB OOK U SAMEWERKING IN HIERDIE VERBAND. HIERDIE FONDSE SAL HOOFSAAKLIK VIR BEMARKING AANGEWEND WORD. BAIE DANKIE VIR DIEGENE WAT GEREELD ONDERSTEUN!<br><br>ONS HET NOGSTEEDS DEBITEURE, ALHOEWEL INVORDERING MEER SUKSESVOL IS AS IN DIE VERLEDE. ONS DOEN ‘N ERNSTIGE BEROEP OP U AS LID OM ASB DIE NODIGE REëLINGS MET DIE KANTOOR TE TREF, SOU U PROBLEME ONDERVIND OM U REKENING TE BETAAL. BAIE DANKIE AAN DIEGENE WAT HUL REKENINGS GETROU VEREFFEN!<br><br>VOLGENS MY REKORDS HET ONS VANJAAR 5 LEDE VERLOOR, MAAR TERSELFDERTYD 5 NUWE LEDE BYGEKRY. GESIEN IN DIE LIG VAN OMSTANDIGHEDE, DINK EK NIE DIT IS SLEG. ONS MOET EGTER DEURLOPEND POOG OM NUWE LEDE TE WERF. ONS TEGNIESE ADVISEUR, MNR CHARL VAN ROOYEN HET OOK ‘N GROOT ROL GESPEEL MET DIE WERWING VAN HIERDIE NUWE LEDE.<br><br>AS DEEL VAN DIE DEURLOPENDE VERBETERINGS-PROSES VAN ONS RAS, VOEL DIE RAAD NA 25 JAAR DAT DIE HUIDIGE KOEIWAARDES HERSIEN MOET WORD. HIERMEE HET ONS NET WEEREENS BESEF WATTER UITSTEKENDE WERK ONS VOORGANGERS 25 JAAR GELEDE GEDOEN HET, OM ONS RAS TE BRING WAAR HY VANDAG IS. ALLE EER EN ERKENNING AAN EERTYDSE TELERS EN LEDE. IN DIE BESONDER BAIE DANKIE AAN DR HELENA THERON VAN SA STAMBOEK VIR AL HAAR INSETTE EN GEDULD GEDURENDE HIERDIE PROSES. HIERDIE AANPASSINGS IS NOODSAAKLIK EN TOEKOMSBEPALEND! EK PLEIT BY U DAT DIE TULI-RAS IN GEHEEL, BO PERSOONLIKE BELANGE, MET BESLUITNEMING GEPLAAS WORD. DIE BELANGRIKSTE IS, HOE LYK DIE TULI VANDAG EN HOE WIL ONS Hê HY OOR DIE VOLGENDE 25 JAAR MOET LYK. ONS DURF NIE NOU FOUTE MAAK NIE!<br><br>IN DIE JOERNAAL HET EK IN MY VOORSITTERSVERSLAG AAN DIE BELANGRIKSTE EKONOMIESE EIENSKAPPE VAN DIE TULI- RAS GERAAK, EK GAAN DIT NIE NOU WEER BEHANDEL NIE. DIT IS OOK IN DIEPTE MET DIE | |

SIMPOSIUM RONDOM DIE HERSIENING VAN KOEIWAARDES BESPREEK. GAAN LEES DIT GERUS EN VERGEWIS JOUSELF MET DIE HUIDIGE STAND VAN SAKE. GRAAG DOEN EK 'N ERNSTIGE BEROEP OP U AS TELERS OM ASB DIE NODIGE METINGS TE DOEN. EK KAN NOGSTEEDS NIE VERSTAAN HOEKOM IEMAND 'N STOETTELER WIL WEES EN NIE DIE NODIGE TEGNOLOGIE WIL GEBRUIK EN MEET NIE. EK KAN U VERSEKER, JY GAAN AGTERBLY!

BAIE GELUK AAN ALWYN MARX VAN DIE ALPHA EN OMEGA STOET VIR DIE NOMINASIE VAN HBH170031 VIR DIE VLEISSENTRAAL SA STAMBOEK ELITE BULGROEITOETSKLAS KOMPETISIE. BAIE GELUK OOK AAN RUSSELL EN ED CLARK, TELERS VAN HIERDIE BUL. ONS WEET ALMAL ALWYN HET 'N OOG VIR GOEIE DIERE!

BAIE GELUK OOK AAN DR COENRAAD SLABBER VAN DIE ZWEIBACH STOET MET SY PLATINUM ELITE KOEI-SW090047. GELUK OOK AAN TANNIE CARMEN EN WYLE STEPHAN WELZ, TELERS VAN HIERDIE KOEI. U SOU MET DIE KOEIWAARDES LET, DIT MAAK NIE SAAK WATTER SCENARIO GEBRUIK WORD NIE, SY IS ALTYD HEEL BO AAN DIE LYS! HIERDIE IS VOORWAAR 'N BESONDERSE DIER! DIT IS OOK VERBLYDEND OM TE SIEN DAT SA STAMBOEK HAAR VOLGENS HUL KRETERIA, GENOMINEER HET.

ONS TEGNIESE ADVISEUR, MNR CHARL VAN ROOYEN. OOM CHARL IS 'N LEGENDE IN DIE SUID AFRIKAANSE VEEBEDRYF EN EK DINK NIE ONS BESEF ALDAG DIE VOORREG WAT ONS HET OM HOM IN DIE TULI KRAAL TE KAN Hê NIE! BAIE DANKIE VIR OOM SE INSETTE EN PASSIE VIR ONS RAS. BAIE GELUK OOK MET DIE SAMESTELLING VAN ONS FEESJOERNAAL. DIT IS VOORWAAR IETS OM OP TROTS TE WEES! OOM IS 'N YSTER! DIT IS BAIE LEKKER OM SAAM MET OOM IN DIE KRAAL TE WERK EN DAARNA EERS 'N WHISKEY EN DAN 'N GLASIE ROOIWYN TE KLINK.

MY RAADSLEDE. EK EN DIE GENOOTSKAP IS NET SO STERK SOOS DIE SPAN WAT AGTER MY STAAN. BAIE DANKIE VIR ELKEEN SE OPOFFERINGS EN TYD. EK KAN JULLE VERSEKER DAT PERSOONLIKE BELANGE GEEN PUNT TEL MET BESLUITE. HIERDIE TULI BEESTE VAN ONS KWEEK 'N ONGEKENDE PASSIE VIR ONS RAS, NIE NET BINNE DIE RAAD, MAAR OOK BY ELKEEN WAT MET HULLE BOER, HETSY STOET OF KOMMERSIEëL.

ANNA-MARIE, BAIE DANKIE VIR ALLES WAT JY VIR ONS DOEN EN DIE EKSTRA MYL WAT JY VIR ONS LOOP! DIT IS

| | |
|---|---|
| ‘N VOORREG OM SAAM MET JOU TE WERK. JOU DEEGLIKHEID EN STIPTELIKHEID, TEL BY MY BAIE PUNTE.<br><br>DANKIE OOK AAN DIE SEKRETARIAAT. BY NAME CHRIS ELS WAT GEDURENDE DIE JAAR AFGETREE HET. CLAUS KEMPEN IS INTUSSEN AANGESTEL. BAIE DANKIE VIR DIE PUIK DIENS WAT JULLE VIR ONS LEWER EN DIE FEIT DAT JUL DEUR ALTYD VIR ONS OOPSTAAN.<br>DANKIE OOK AAN SA STAMBOEK, DR JAPIE EN SY SPAN. JULLE IS ‘N WêRELDKLAS INSTANSIE. ONS IS TROTS OM MET JULLE GEASSOSIEëR TE WORD!<br><br>AAN U AS LEDE, BAIE DANKIE VIR ELKEEN SE ONDERSTEUNING EN VERTROUE! EK DINK ANDER GENOOTSKAPPE IS JALOERS OP WAT ONS HET. ONS MOET DIE HUIDIGE GOEIE VERHOUDINGE KOESTER EN DAAROP VOORTBOU.<br><br>LAASTENS EN SEKERLIK DIE BELANGRIKSTE. DANKIE AAN ONS HEMELSE VADER WAT OOR ONS WAAK, ONS SEëN EN BESKERM. DAN MOET EK DAREM NET SORG DAT ONS PRIORITEITE REG IS. ONS LIEFDE MOET SOOS VOLG WEES- HEEL EERSTE JOU SKEPPER, DAN JOU VROU EN KINDERS EN DAN JOU TULI’S!<br><br>MAG DIE HERE ELKEEN VAN U SEëN EN BESKERM<br>BEN RAATH | |